# SONOP NUUSBRIEF

**Ons deel ons sonstrale met almal.**

3 April 2024

Geagte Ouer/s en Voog(de)

Ons vertrou dat u 'n geseënde Paasfees en skoolvakansie met u gesin beleef het. Dit is ons bede dat dit vir ons almal 'n aangename en voorspoedige kwartaal van hartlike samewerking sal wees. Ons bring weer vriendelik die volgende sake onder u aandag.

**1. VORDERINGSVERSLAE**: U word daaraan herinner dat die afskeurstrokie van u kind se vorderingsverslag onderteken moet word en so spoedig moontlik na u kind(ers) se registeropvoeders teruggestuur word.

**2. AKADEMIESE EREKLEURE:** Slegs leerders in gr. 4 tot 7 kwalifiseer vir akademiese erekleure. Tien leerders per graad ontvang ná die derde kwartaal akademiese erekleure. Die bepaling vir toekenning van erekleure is as volg: Kwartaal 1 – 25%, Kwartaal 2 – 50 % en Kwartaal 3 – 25%.

**3. ASSESSERINGSPROGRAM:**

Die tweede kwartaal se eerste deel van die assessering sal op dieselfde wyse geskied as tydens die eerste kwartaal. Teen **Vrydag, 5 April**, sal die opvoeders die assesseringsprogram vir gr. 4-7-leerders (toets-, mondeling-, lees- en taak datums) vir die kwartaal aan u per WhatsApp kommunikeer.

Van tyd tot tyd sal opvoeders informele klastoetse skryf wat nie op die assesseringprogram verskyn nie. Hierdie toetse, tesame met 'n memorandum, sal in die werkboeke ingeplak word en self deur leerders nagesien word. Hierdie klastoetse dra nie by tot u kind se formele punt nie – slegs assesserings wat op die assesseringsprogram aangedui word dra by tot u kind se punt wat op 'n vorderingsverslag verskyn.
Die doel van informele klastoetse is om leerders aan te moedig om gereeld te studeer en om ook aan ouers die geleentheid te bied om kennis te neem van die wyse van vraagstelling deur die onderskeie opvoeders.

Sien asseblief toe dat u kind deur die loop van die tweede kwartaal getrou werk en nie net tydens die formele eksamen nie. Die volume werk kan dan dalk net te veel wees om baas te raak.

**4. MIDDELJAAR EKSAMEN:**

**Gr. 7's -** Die laaste dag van deurlopende assessering (toetse, take, projekte, mondeling en lees) is op Maandag, 13 Mei. Die formele eksamen vir graad 7-leerders duur vanaf **Donderdag, 16 Mei tot Vrydag, 31 Mei.**

**Gr. 4 – 6 -** Die laaste dag van deurlopende assessering (toetse, take, projekte, mondeling en lees) is ook op Maandag, 13 Mei. Formele eksamen duur vanaf **Vrydag, 17 Mei tot Vrydag, 31 Mei**.

Die werkafbakening en 'n eksamenrooster sal op **Vrydag, 26 April**, aan die leerders uitgehandig word.

## 5. PUBLIEKE VAKANSIEDAE:

Gedurende die tweede kwartaal sal daar op die volgende dae nie skool wees nie. Die skool sal die dag vóór die ondergenoemde dae steeds op die normale tye vir die leerders sluit.

**Werkersdag** op Woensdag, 1 Mei
**Verkiesingsdag** op Woensdag, 29 Mei

## 6. WINTERSDRAG:

Op **Woensdag, 1 Mei** sal ons amptelik na wintersdrag oorskakel . Dit is baie belangrik dat ons leerders met die dra van wintersdrag so eenvormig as moontlik sal lyk.

**Let asseblief op die onderstaande voorskrifte rakende wintersdrag.**

**Meisies**:
Die meisies dra hul skoolrokke, tesame met 'n skoolbaadjie en langmou- of kortmou skooltrui. Hulle dra dan lang grys kouse met die maroen strepe. Lang, swart broekiekouse is aanvaarbaar, die swart, wol broekiekouse is warmer as gewone broekiekouse en is by talle afdelingswinkels beskikbaar. Geen sweetpakbroeke word toegelaat nie.

**Seuns:**
Die seuns dra hul lang- of kort grysbroeke, tesame met 'n skoolbaadjie en langmou- of kortmou skooltrui. Die seuns mag ook gedurende die **wintermaande**, 'n withemp met lang moue, sonder die skoolwapen dra, maar alleenlik indien dit onder 'n maroen, moulose of gewone skooltrui gedra word.

**Meisies en Seuns:**
Let asseblief daarop dat **maroen** "windbreakers", warm, **maroen** baadjies (jackets), asook ons skool se sweetpakbaadjies op baie koue en reënerige dae, wel binne en buite die skoolgebou gedra mag word, mits u kind ook 'n skooltrui onder die baadjies of sweetpakbaadjie dra. Die warm, maroen baadjie ("windbreaker") of 'n skool sweetpakbaadjie **VERVANG NIE** 'n skooltrui of –baadjie nie.

Indien **serpe** gedra word, mag dit net **maroen** wees.

**Warm Kombersies** kan ook teen **R130** elk by die skool se sekretaresses bestel word. U kind se naam en van word op die kombersies borduur. Geen bont komberse in klasse nie!




**AANDAG: NUWE WARMBAADJIES TE KOOP!!!!!!!**

Warm baadjies "Oxford Jackets" – met dieselfde ontwerp as ons huidige sweetpakbaadjies sal eersdaags by die skool te koop aangebied word. Hierdie baadjies is meer wind- en reënbestand en sal ook aansienlik warmer as die huidige sweetpakbaadjies wees.

Skakel gerus ons dames in die skoolkantoor by 041 – 1100997 indien u 'n bestelling wil plaas. Die wagperiode sal tussen 4 tot 5 weke duur.

| | | |
|---|---|---|
| No 26 - 32 | @ | R 390 |
| No 34 - 38 | @ | R 410 |
| No 40 – 42 | @ | R 430 |

## 7. WEGNEEM-ETES

Op **Vrydag, 19 April**, bied die skool wegneem-etes vanaf 16:30 tot 18:30 by die skool se klubhuis aan. Heerlike varknekrolle, hamburgers, cheese grillers en munchies sal te koop aangebied word.
Die oudste of enigste leerder per gesin het vandag 'n bestelboekie ontvang waarop u bestellings kan plaas. Die bestelboekies, tesame met die kontant, moet asseblief vóór of op Dinsdag, 16 April, by die klasopvoeders inbetaal word. By voorbaat dankie vir u ondersteuning.
Die skool sal op hierdie wegneem-ete-dag reeds om 12:00 sluit sodat die personeel betyds die etes kan voorberei.

## 8. ROLBALDAG

**Vrydag, 26 April,** bied ons skool ons eerste rolbaldag by die Despatch Rolbalklub aan. Hierdie fondsinsamelingspoging beloof om groot pret te wees. 28 Spanne van 4 spanlede elk kan teen R 1000 per span inskryf. 'n Gratis burger en drankie is ingesluit. Die klub voorsien rolballe vir diegene wat nie elders kan leen nie. Daar sal ook 'n kontantkroeg beskikbaar wees. Boekmerk asseblief hierdie datum en kom ondersteun die skool! Inskrywings kan met ons sekretaresses bevestig word – meer inligting volg.

## 9. SONOP JUNIOR SPORTDAG

**Saterdag, 1 Junie**, is dit weer tyd vir ons baie gewilde Junior Sportdag. Die o.6-,7- en 8-rugbyseuns; o.7-,8- en 9 - netbalmeisies, sowel as die o.8- en 9-hokkiemeisies sal aan hierdie sportdag deelneem.
U mag nie hierdie opwindende dag saam met ons pienkvoetjies misloop nie!

## 10. SPELOLIMPIADE

Ons het ongelooflike goeie steun van u as ouers gekry tydens ons jaarlikse spelolimpiade.
Ons het 'n bedrag van **R 32 278** ingesamel! Ongelukkig is daar steeds baie lyste uitstaande. Indien die lys dalk verlore geraak het moet u asseblief net u kind se klasopvoeder skriftelik daarvan in kennis stel.

Baie geluk aan die **graad R 3 -** klas wat 'n bedrag van R3 575 ingesamel het.




Die leerders wat die meeste geld ingesamel het is:
**Emily Vos** in graad 3C – R1 310 (Derde jaar agtereenvolgens!)
**Diana van Greunen** in graad 1 B – R 1 000
**Cayden Nel** in graad R3 – R 800

Nogmaals baie dankie vir u oop hand en mooi, omgee harte!!

## 11. FINANSIES

Ons wil graag 'n beroep op u as ouers doen om u skoolgeldverpligting maandeliks na te kom. Skoolfonds is vooruitbetaalbaar en u derde maandelikse betaling was reeds vandag, 3 April, betaalbaar.

U het almal, tesame met u kind se vorderingsverslag, 'n skoolgeldstaat ontvang. Gaan asseblief die staat na en maak seker dat al u betalings korrek reflekteer. Indien daar 'n fout op u staat is, vra ons u om so gou as moontlik die kantoor te kontak of per e-pos in kennis te stel by finansies@sonop.co.za

Ons wil ook van hierdie geleentheid gebruik maak om die ouers te bedank wat so gereeld hul skoolgeld betaal, sonder u sal ons skool nie kan funksioneer nie!

## 12 BEHEERLIGGAAMVERKIESING

Tydens die beheerliggamverkiesing op 12 Maart is die volgende ouers tot Laerskool Sonop se beheerliggaam verkies. Ons hartlike gelukwense aan elkeen van hierdie persone. Ons glo dat hulle die beste belang van ons skool en elke leerder op die hart sal dra. Dankie ook aan elke ouer wat hulself verkiesbaar gestel het. U gesindheid jeens ons skool word hoog op prys gestel.

**Ouer komponent:**

| | |
|---|---|
| Voorsitter: | Mnr. Jurgens Steenkamp |
| Onder-voorsitter: | Mev. Lize Gerber |
| Tesourier: | Mev. Elizma Oelofse |
| Ouerlid: | Mnr. Hendrik Frier |
| Ouerlid: | Mnr. George Bellingan |

**Opvoeder komponent:**

| | |
|---|---|
| Skoolhoof: | Mnr. Marius Kleyn |
| Adjunk-hoof: | Mev. Santie Greyling |
| Departementshoof: | Mnr. JP Therom |

**Nie-opvoeder komponent:**

| | |
|---|---|
| Sekretaris: | Mev. Ilana van der Westhuizen |

**13. BELANGRIKE DATUMS -** Let op na die onderstaande datums vir die tweede kwartaal. Hierdie datums kan van tyd tot tyd verander a.g.v. omstandighede buite ons beheer.
(Tennis, hokkie, landloop en skaak bepalings is nog nie ontvang nie).

## BELANGRIKE DATUMS VIR KWARTAAL 2 – 2024

### APRIL

| | | |
|---|---|---|
| Donderdag, | 4 | - o/13 Rugby klere oorhandiging in die klubhuis |
| Vrydag, | 5 | - Gr. 4-7 leerders ontvang Assesseringsprogram via WhatsApp |
| Saterdag, | 6 | - o/9 en o/10 Netbaldag by Albertyn |
| Woensdag, | 10 | - Rugby vs College Hill (Tuis) |
| Maandag, | 15 | - Netbal vs FC (Weg) |
| Woensdag, | 17 | - Rugby vs Bonzai (Tuis) |
| | | - HSD besoek gr. 7-leerders vir bemarking |
| Donderdag, | 18 | - Gr. 7-leerders besoek Bybeluitstalling by NGK - Suid |
| **Vrydag,** | **19** | **- Wegneem etes – Klubhuis – Ondersteun ons asseblief!** |
| Maandag, | 22 | - Netbal vs Albertyn (Tuis) |
| Woensdag, | 24 | - Rugby vs Albertyn (Weg) |
| **Vrydag,** | **26** | **- Rolbaldag by Despatach Rolbalklub** |
| | | Gr. 4 – 7 leerders ontvang werkafbakening |
| **Saterdag,** | **27** | **- Vryheidsdag** |
| Maandag, | 29 | - Netbal vs Handhaaf (Weg) |

*Meimaand volg …*

## MEI

| | | |
|---|---|---|
| **Woensdag,** | **1** | **- Werkersdag** |
| Donderdag | 2 | - Rugby vs Kirkwood (Tuis) |
| | | - Betaling van skoolgeld vir Meimaand |
| Vr. & Sat. | 3, 4 | - Blits Fourie Sportdag |
| Saterdag, | 4 | - o.10 en o/14 Hokkie vs Lorraine |
| Maandag, | 6 | - Netbal vs SF (Weg) |
| Dinsdag, | 8 | - Rugby vs Handhaaf (Tuis) |
| Donderdag, | 9 | - Hemelvaart (Gewone skooldag) – Kerkdiens by NGK Noord |
| Sondag, | 12 | - Moedersdag |
| Maandag, | 13 | - Netbal Innes (Tuis) |
| Dinsdag | 14 | - Laaste Sportlesuur Gr. 4-7 a.g.v. eksamen |
| | | - Gr. R-3 Sportlesuur gaan voort soos deur onderskeie afrigters gereël word |
| Woensdag, | 15 | - Rugby vs SF (Weg) |
| Donderdag | 16 | - Graad 7 eksamen begin tot 31 Mei |
| | | - ALLE LEERDERS VERDAAG VANAF 16 MEI TOT 31 MEI OM 12:00 A.G.V. EKSAMEN |
| Vrydag, | 17 | Graad 4 – 6 Eksamen begin tot 31 Mei |
| Donderdag, | 23 | - Ope-dag vir voornemende Gr. RR, R & 1 – leerders in 2025. |
| Saterdag, | 25 | - FC Sportdag (Slegs Junior-leerders) |
| **Woensdag,** | **29** | **- Verkiesingsdag** |
| Vrydag | 31 | - Eksamen eindig |

## JUNIE

| | | |
|---|---|---|
| **Saterdag,** | **1** | **- Sonop Jnr. Sportdag** |
| Maandag, | 3 | - Sportlesuur eindig vir Gr.R-3 |
| | | - Skoolsluitingstye keer terug na normaal |
| Dinsdag, | 4 | - Leerderportefeulje besigtigingsaand (17:00 – 18:30) |
| Vrydag, | 14 | - Skole sluit 0m 10:00 (Civviedag vir leerders) |
| **Sondag,** | **16** | **Vadersdag** |
| | | **Jeugdag** |

KWARTAAL 3 – SKOOL HEROPEN OP DINSDAG, 9 JULIE.

Baie dankie vir u volgehoue ondersteuning. U is werklike staatmaker ouers en ons sien uit na die nuwe kwartaal saam met u en u kind(ers).

Vriendelike Sonopgroete

Marius Kleyn
Skoolhoof